SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2014

# LEWENSWETENSKAPPE V1 MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

Hierdie memorandum bestaan uit 9 bladsye.

## AFDELING A

## VRAAG 1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | B ✓✓ | | |
| | 1.1.2 | D ✓✓ | | |
| | 1.1.3 | C ✓✓ | | |
| | 1.1.4 | D ✓✓ | | |
| | 1.1.5 | B ✓✓ | | |
| | 1.1.6 | D ✓✓ | | |
| | 1.1.7 | D ✓✓ | | |
| | 1.1.8 | A ✓✓ | | |
| | 1.1.9 | A ✓✓ | (9 x 2) | (18) |
| 1.2 | 1.2.1 | Larinks ✓ | | |
| | 1.2.2 | Eritrosiete/rooibloedselle ✓ | | |
| | 1.2.3 | Aardverwarming ✓ | | |
| | 1.2.4 | Drakapasiteit ✓ | | |
| | 1.2.5 | Verspreiding ✓ | | |
| | 1.2.6 | Bevolking ✓ | | |
| | 1.2.7 | Chloroplaste ✓ | | |
| | 1.2.8 | Melksuur ✓ | (8 x 1) | (8) |
| 1.3 | 1.3.1 | Slegs B ✓✓ | | |
| | 1.3.2 | Slegs A ✓✓ | | |
| | 1.3.3 | Beide A en B/Albei ✓✓ | | |
| | 1.3.4 | Slegs B ✓✓ | | |
| | 1.3.5 | Beide A en B/Albei ✓✓ | | |
| | 1.3.6 | Slegs A ✓✓ | | |
| | 1.3.7 | Geeneen ✓✓ | | |
| | 1.3.8 | Slegs A ✓✓ | | |
| | 1.3.9 | Slegs B ✓✓ | (9 x 2) | (18) |

1.4 1.4.1 X = $CO_2$ ✓ Y = $O_2$ ✓ (2)

1.4.2 Diffusie ✓ (1)

1.4.3
- In die vorm van bikarbonaatione. ✓
- Verbind met hemoglobien in die rooibloedselle. ✓
- As opgeloste gas in die bloedplasma. ✓ (Enige 2 x 1) (2)

1.4.4 Hemoglobien ✓ (1)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 2.1.1 Fase 1 – Glikolise ✓
Fase 2 – Krebs siklus ✓
Fase 3 – Oksidatiewe fosforilasie ✓ (3)

2.1.2 X – Glukose ✓
Y – Suurstof ✓ (2)

2.1.3 X – Inneem van voedsel ✓ (eindproduk van vertering van koolhidrate)
Y – Inaseming van suurstof ✓ (2)

2.1.4 Produk 1 – $CO_2$ ✓
Produk 2 – Hoë energie waterstofatome ✓
Produk 3 – Water ✓ (3)

2.2 2.2.1 B ✓ (1)

2.2.2
- Tydens inaseming trek die diafragma saam ✓ en word plat, die volume van die borskas neem toe van bo na onder. ✓
- Die uitwendige tussenribspiere trek saam ✓ en lig die ribbekas boontoe en buitentoe wat die volume van die borskas vergroot van voor na agter. ✓
- Veroorsaak dat die borsholte van kant tot kant en van agter na voor vergroot. ✓
- Die totale volume van die borsholte neem toe ✓ en die lugdruk in die longe verminder. ✓
- Aangesien die atmosferiese druk hoër is as die lugdruk in die longe ✓ vloei suurstofryke lug deur die lugweë in die longe. ✓

(Enige 6 x 1) (6)

2.2.3 Glasbuis – Tragea ✓
Klokfles – Borskas/ribbekas ✓
Rubberplaat – Diafragma ✓ (3)

2.2.4 Die ballon sal nie opblaas nie. ✓ Die gat in die rubberplaat veroorsaak dat die lugdruk in die klokfles dieselfde is as die atmosferiese druk. ✓ (2)

2.3 2.3.1 300 ✓ mg/100 $cm^3$ (1)

2.3.2 (a) 2 uur 30 minute/150 minute ✓✓ (2)

(b) 3 uur 30 minute/210 minute ✓✓ (2)

2.3.3 Insulieninspuitings sal die bloedglukose konsentrasie van die diabeet na normaal verlaag. ✓

**OF**

Sal die tydperk verkort wat dit neem vir die bloedglukose konsentrasie om na normaal na ingestie terug te keer. ✓ (1)

2.3.4 Glikogeen ✓ (1)

2.3.5 Insulien is ʼn proteïen en sal deur die menslike spysverteringstelsel verteer word. ✓ Sal dus nie as insulien geabsorbeer word nie, maar as aminosure. ✓ (2)

2.4 2.4.1 Struktuur van ʼn villus ✓ (1)

2.4.2 Dunderm ✓ (1)

2.4.3 Absorpsie van verteerde voedingstowwe (1)

2.4.4 C – Groot hoeveelhede glukose ✓ en aminosure ✓ (2)


2.4.5 A – Kolomepiteel ✓
B – Lakteaal/limfkapillêre ✓ (2)

2.4.6
- Die dun kolomepiteel ✓ van die villus vergemaklik die absorpsie van verteerde voedingstowwe d.m.v diffusie. ✓
- Die kolomepiteel selle bevat mikrovilli ✓ wat die absorpsie-oppervlak vergroot. ✓
- Die kolomepiteel selle produseer draermolekules, ✓ wat aktiewe absorpsie van voedingstowwe teen die diffusie gradiënt verseker. ✓
- Die bekerselle ✓ tussen die kolomepiteel selle skei ʼn waterige mukus af wat wrywing voorkom en die selle klam hou. ✓
- Die villi bevat baie kapillêre vate en lakteale wat in noue kontak met die absorpsie oppervlakte is ✓ vir die vinnige vervoer van geabsorbeerde voedsel en verseker sodoende dat skerp konsentrasie-gradiënte behou word vir vinnige diffusie. ✓ (Enige 1 x 2) (2)

**[40]**

**VRAAG 3**

3.1 3.1.1




(2)

**Kontrolelys vir die puntetoekenning vir die grafiek:**

| | |
|---|---|
| Korrekte tipe grafiek met punte verbind | 1 |
| Titel van grafiek | 1 |
| Korrekte byskrif vir X-as | 1 |
| Korrekte byskrif vir Y-as | 1 |
| Geskikte skaal vir X-as en Y-as | 1 |
| Plot van punte | 1 punt: 4–8 punte korrek geplot<br>2 punte: 9–16 punte korrek geplot |

**NOTA:**

Indien die verkeerde grafiek getrek is:
- Verbeur punte vir "korrekte grafiek".

Indien die asse omgekeer is:
- Verbeur punte vir byskrifte van Y-as en X-as (7)

3.1.2 Sloerfase ✓ (1)

3.1.3
- Groeikoers is stadig. ✓
- Roofdiere nog besig om aan te pas by die nuwe omgewing/ akklimatiseer. ✓
- Dit is moeilik om maats te vind. ✓
- Organismes is nog nie seksueel volwasse/jong bevolking. ✓

(Enige 2 x 1) (2)

3.1.4
- Deur op die haasbevolking te voed, verminder die rooikatbevolking die aantal prooi. ✓
- Soos die getalle van die haasbevolking (prooi) verminder ✓
- heers daar meer kompetisie ✓ onder die rooikat (predator) bevolking.
- Dit lei tot ŉ vermindering ✓ in die getal roofdiere (predatore).
- en ŉ toename ✓ in die aantal haasbevolking asook ŉ ooreenstemmende toename in die rooikat (predator) bevolking.
- Uiteindelik stabiliseer die prooi-predator bevolkings ✓ onder die drakapasiteit ✓ van die habitat wat lei tot ŉ stabiele bevolking. ✓

(Enige 4 x 1) (4)


3.1.5 $\frac{(400 - 250) \times 100 \checkmark}{400 \checkmark} = \frac{150}{4} = 37{,}5\% \checkmark$ (3)

3.2 3.2.1 Om te bepaal of chlorofil vir fotosintese nodig is. ✓ (1)

3.2.2 Om die plant te ontstysel. ✓ (1)

3.2.3 Om te verseker dat die blare heeltemal ontstysel is. ✓✓ (2)

3.2.4




**Riglyne vir merk van diagram**.

| Kriteria | Punte |
|---|---|
| Opskrif | 1 |
| Korrekte byskrifte | 2 |
| Korrekte skakering | 2 |

(5)

3.2.5 Nee ✓ (1)

3.2.6 Die resultate verkry van die gedeelte van die blaar sonder chlorofil ✓ kan vergelyk word met die resultate van die gedeelte wat chlorofil bevat. ✓ (2)

3.2.7 Chlorofil is nodig ✓ vir fotosintese. ✓ (2)

3.3 3.3.1 Fotosintese ✓ (1)

3.3.2 Alge ✓ (1)

3.3.3 Organiese materiaal ✓ en suurstof ✓ (2)

3.4 3.4.1 A – Anorexia nervosa ✓
B – Kwasjiorkor ✓
C – Vetsug ✓ (3)

3.4.2 B – Tekort aan proteïene in die dieet ✓
C – Oormatige inname van energieryke voedsel ✓ (2)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

## VRAAG 4

- Wanneer baie vloeistof ingeneem word, word die bloed en liggaamsvloeistowwe meer verdun. ✓
- Indien die waterinhoud van die liggaam bo die normale styg ✓
- verminder die osmotiese potensiaal van die bloed ✓
- wat die osmoreseptore in die hipotalamus, ✓ wat ADH produseer, ✓ stimuleer
- om impulse na die hipofise te stuur om minder ADH in die bloed vry te stel ✓
- Daarom bereik minder ADH die niere wat veroorsaak dat
- die wande van die distale kronkelbuis en versamelbuis ✓ minder ✓ deurlaatbaar ✓ word
- minder water word sodoende vanuit die filtraat herabsorbeer ✓
- en ŉ groot hoeveelheid verdunde urine word uitgeskei ✓
- Die byniere (adrenale kliere) skei minder aldosteroon af ✓
- wat veroorsaak dat minder natrium-ione vanuit die filtraat aangetref ✓
- in die opwaartse tak van die Henlé-lus ✓
- in die weefselvloeistof van die medulla gepomp word
- Dit veroorsaak ŉ hoë waterpotensiaal of ŉ minder negatiewe osmotiese-potensiaal ✓
- Minder water ✓ word sodoende vanuit die nefronbuis in die weefselvloeistof van die medulla ✓ geabsorbeer
- Meer water word dus as urine uitgeskei.

Inhoud (17)
Sintese (3)

**Assessering van die aanbieding van die opstel.**

| **Kriteria** | **Relevansie (R)** | **Logiese volgorde (L)** | **Samevattend (C)** |
|---|---|---|---|
| **Algemeen** | Alle inligting verskaf is relevant tot die onderwerp. | Idees is logies gerangskik/ oorsaak – gevolg. | Alle aspekte wat deur die opstel vereis is, is voldoende aangespreek. |
| **In hierdie opstel** | Slegs inligting relevant tot homeostase (Osmoregulasie) is gegee. (Geen irrelevante inligting.) | Verskeie strukture en hul gekoördineerde funksionering om die korrekte hoeveelheid water in die liggaam te bereik, word bespreek. | Die rol van die hipofise, byniere en die effek van hul hormone op die teikenstruktuur van die nier word deeglik bespreek. |
| **Punte** | **1** | **1** | **1** |

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 150**